basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS V2**

**2017**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n 13 bladsy-addendum.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE SWARTBEWUSSYNSFILOSOFIE IN 1976 DIE INSTELLING VAN AFRIKAANS AS 'N ONDERRIGMEDIUM UITGEDAAG?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Waarom, volgens die bron, het swart studente van NUSAS weggebreek? (3 x 1) (3)

1.1.2 Haal bewyse uit die bron aan wat toon hoe Biko wou hê dat swart Suid-Afrikaanse studente sake in hul eie hande moes neem. (1 x 1) (1)

1.1.3 Wat verstaan jy onder Steve Biko se definisie van 'swart'? (1 x 2) (2)

1.1.4 Verduidelik die bruikbaarheid van die inligting in hierdie bron vir 'n historikus wat die Swartbewussynsfilosofie bestudeer. (2 x 2) (4)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Watter rol, volgens Mkhabela, het die Suid-Afrikaanse Studentebeweging (SASM) gespeel? (1 x 2) (2)

1.2.2 Volgens die bewyse in die bron, ongeveer hoeveel leerders het op 13 Junie 1976 die vergadering in Orlando bygewoon? (1 x 1) (1)

1.2.3 Waarom, volgens die inligting in die bron, was Mashinini gewild by die vergadering wat in Orlando gehou is? (1 x 1) (1)

1.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die protesaksie van 16 Junie 1976 as suksesvol beskou is. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Waarom, volgens die bron, het onderwysers beswaar gemaak teen die implementering van Afrikaans as onderrigmedium by skole in Soweto? (1 x 2) (2)

1.3.2 Noem TWEE maniere waarop die SASM studente-organisasies in Soweto beïnvloed het. (2 x 1) (2)

1.3.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die protesaksie gewelddadig geraak het. (2 x 2) (4)

1.3.4 Lewer kommentaar op wat geïmpliseer word deur die bewering: 'geslaag waar hulle ouers gefaal het' in die konteks van die Soweto-opstand van Junie 1976. (2 x 2) (4)

1.4 Gebruik Bron 1D.

1.4.1 Gebruik die inligting in die bron en verduidelik hoe die leerders van Soweto op die verpligte instelling van Afrikaans as onderrigmedium gereageer het. (2 x 2) (4)

1.4.2 Verduidelik waarom jy dink hierdie foto in die media gepubliseer moes wees in die lig van wat in Junie 1976 in Soweto plaasgevind het. (2 x 2) (4)

1.5 Vergelyk Bron 1C en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1C die bewyse in Bron 1D ondersteun ten opsigte van hoe die gebeure op 16 Junie 1976 in Soweto ontvou het. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Swartbewussynsfilosofie die instelling van Afrikaans as onderrigmedium in 1976 uitgedaag het. (8)
**[50]**

**VRAAG 2: WATTER ROL HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) IN DIE VERSOENING VAN SUID-AFRIKANERS MET HULLE VERDEELDE VERLEDE GESPEEL?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Gee DRIE redes in die bron vir die instelling van die WVK. (3 x 1) (3)

2.1.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op hoe die Menseregteskendingskomitee hulle werk verrig het. (1 x 2) (2)

2.1.3 Verduidelik die konsep *herstellende geregtigheid* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.1.4 Haal bewyse uit die bron aan wat te kenne gee dat die WVK gestig is om in alle Suid-Afrikaners se behoeftes te voorsien. (1 x 2) (2)

2.1.5 Lewer kommentaar op waarom jy dink dit vir vrouens nodig was om voor die WVK te getuig. (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Definieer die konsep *amnestie* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.2.2 Verduidelik waarom Tutu beweer het dat 'die groot visse weggekom het' in die konteks van die WVK-verhore. (1 x 2) (2)

2.2.3 Noem DRIE bewyse waarna Tutu verwys ten opsigte van mense se kennis oor die gruweldade wat na 1960 gepleeg is. (3 x 1) (3)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Volgens die inligting in die bron, watter persentasie swart Suid-Afrikaners het die WVK ondersteun in:

(a) 1996 (1 x 1) (1)

(b) 1998 (1 x 1) (1)

2.3.2 Verduidelik in jou eie woorde waarom daar in 1998 'n afname was in swart Suid-Afrikaners se ondersteuning van die WVK. (2 x 2) (4)

2.3.3 Lewer kommentaar op waarom jy dink meer swart Suid-Afrikaners as wit Suid-Afrikaners in 1998 die ondersoekvraag oor die WVK ondersteun het. (2 x 2) (4)

2.4 Bestudeer Bron 2D.

2.4.1 Verduidelik die boodskappe oor die amnestieproses wat deur die spotprent oorgedra word. (2 x 2) (4)

2.4.2 Lewer kommentaar op waarom 'n historikus die inligting in hierdie bron bruikbaar sou vind wanneer navorsing oor die amnestieproses van die WVK gedoen word. (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na Bron 2B en 2D. Verduidelik hoe die inligting in beide bronne mekaar ten opsigte van die werk van die WVK ondersteun. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die rol verduidelik wat die WVK in die versoening van Suid-Afrikaners met hulle verdeelde verlede gespeel het. (8)

**[50]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 3: HET SUID-AFRIKA BY SY LIDMAATSKAP VAN BRICS BAAT GEVIND?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Volgens die bron, maak 'n lys van VIER lande wat van BRICS lid was. (4 x 1) (4)

3.1.2 Noem die leier wat seker gemaak het dat Suid-Afrika 'n lid van BRICS word. (1 x 1) (1)

3.1.3 Verduidelik waarom Suid-Afrika se insluiting by BRICS deur vooraanstaande politici en ekonome met 'verbasing' en 'ongeloof' begroet is. (2 x 2) (4)

3.1.4 Identifiseer EEN bewys in die bron waarom Suid-Afrika lidmaatskap van BRICS gekry het. (1 x 1) (1)

3.1.5 Definieer die term *ontwikkelde nasies* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Verduidelik die boodskappe wat deur hierdie foto van die vyfde BRICS-beraad oorgedra word. (2 x 2) (4)

3.2.2 Noem die land wat in 2013 die gasheer van die vyfde BRICS-beraad was. (1 x 1) (1)

3.3 Raadpleeg Bron 3A en 3B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3A die bewyse in Bron 3B ondersteun ten opsigte van Suid-Afrika se lidmaatskap van BRICS. (2 x 2) (4)

3.4 Gebruik Bron 3C.

3.4.1 Volgens die inligting in die bron, noem die produkte wat die volgende lande beplan het om aan Suid-Afrika te lewer:

(a) Rusland (1 x 1) (1)

(b) China (1 x 1) (1)

3.4.2 Verduidelik hoe Suid-Afrika se handelsbetrekkinge met die BRICS-lande tussen 1995 en 2011 verbeter het. (2 x 2) (4)

3.4.3 Gebruik die inligting in die bron en identifiseer die land wat Indië as Suid-Afrika se vernaamste handelsvennoot vervang het. (1 x 1) (1)

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 Verduidelik die verskillende standpunte oor Suid-Afrika se insluiting as 'n lid van BRICS. (2 x 2) (4)

3.5.2 Lewer kommentaar op waarom Suid-Afrika se lidmaatskap van BRICS as gevaarlik vir binnelandse markte beskou is. (2 x 2) (4)

3.5.3 Wat, volgens Gumede, sal die gevolge wees indien Suid-Afrika se geldeenheid met die Chinese geldeenheid vervang sou word? (2 x 1) (2)

3.5.4 Verduidelik tot watter mate jy die inligting in hierdie bron bruikbaar sou vind ten opsigte van die uitdagings wat Suid-Afrika as lid van BRICS in die gesig kan staar. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik of Suid-Afrika by sy lidmaatskap van BRICS baat gevind het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Verskeie interne weerstandsbewegings in Suid-Afrika was in die 1980's suksesvol met die uitdaging van PW Botha se apartheidsregime.

Stem jy saam met die bewering? Ondersteun jou argument met relevante historiese bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Die politieke geweld waarmee Suid-Afrika in die vroeë 1990's geteister is, was daarop gemik om die onderhandelingsprosesse tussen verskeie politieke partye te ontspoor.

Verduidelik tot watter mate jy met hierdie bewering saamstem. Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Verduidelik hoe die val van die Sowjetunie in 1989 bygedra het tot die politieke veranderinge wat in Suid-Afrika plaasgevind het.

Motiveer jou argument deur relevante historiese bewyse te gebruik. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2017

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1: WATTER LESSE KAN SUID-AFRIKANERS BY BANTU STEPHEN BIKO, WAT VEERTIG JAAR GELEDE GESTERF HET, LEER?

### BRON 1A

Die bron hieronder fokus op hoe die filosofie van Swart Bewussyn gedurende die 1960's in Suid-Afrika ontstaan het.

Een van die hooffaktore wat die nuwe gevoel van selfhandhawing (selfgelding) verduidelik het wat so opvallend onder swart Suid-Afrikaners in baie dele van die land was, was die groei van die Swartbewussynsfilosofie. Dit was gedurende die 1960's een van die belangrikste ontwikkelings in Suid-Afrika.

Verskillende organisasies het in hierdie dekade die waardes van Swart Bewussyn ondersteun, byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Studentebeweging ('SASM') en die Swart Mense se Konvensie ('BPC').

Alhoewel dit deur Amerika se Swartmagbewegings en skrywers, soos Frantz Fanon, beïnvloed is, was die Swartbewussynsfilosofie 'n inheemse verskynsel (plaaslike beweging). Dit het die volgende komponente gehad:

Die eerste komponent was sielkundige bevryding. Omdat wittes hul eie meerderwaardigheid verkondig het en alle politieke, ekonomiese en sosiale instellings beheer het, het swartes gevoelens van minderwaardigheid ontwikkel en na maniere gesoek om hulle oorheersers na te boots. Sielkundige bevryding het beteken om swartes in staat te stel om hulleself van negatiewe opvattings los te maak en om dit met positiewe selfbewussyn, soos trots op swart kultuur, geskiedenis en erfenis, te vervang.

Die tweede komponent van Swart Bewussyn was om swartes hulle afhanklikheid van wittes af te leer.

Die derde komponent van Swart Bewussyn het gepoog om al die swart mense in Suid-Afrika te verenig, Indiërs en bruin mense ingesluit. Die term 'swart' het dus bruin mense, Indiërs en swartes omvat (ingesluit) omdat hulle ook slagoffers van sosiale, politieke en ekonomiese diskriminasie was. Swart Bewussyn het die etniese institusionalisering van Afrika-politiek, soos die verdeel-en-regeer-strategie wat ontwerp is om verdeling aan te hits, verwerp.

[Uit *Soweto Black Revolt, White Reaction* deur John Kane-Berman]

**BRON 1B**

Die bron hieronder beskryf in breë trekke hoe Bantu Stephen Biko deur die polisie in hegtenis geneem en daarna op 12 September 1977 vermoor is.

Bantu Stephen Biko was 'n invloedryke leier, maar die droewige (hartseer) manier waarop hy gesterf het, het die gebrek aan moraliteit (waardes) in die hart van die regering ontbloot. Biko, wat die polisie vir 'n jaar ontwyk het, was in die middel van Augustus op pad Kaapstad toe om pamflette te versprei wat 'swartes aanhits om onluste te veroorsaak en die regering omver te werp', het die polisie gesê toe hy by 'n padblokkade buite Grahamstad volgens Afdeling 6 van die Wet op Terrorisme in hegtenis geneem is. Hierdie Wet het vir onbepaalde aanhouding voorsiening gemaak. Hy is die volgende dag na Port Elizabeth vervoer waar hy naak uitgetrek is en vir die volgende twee weke in verskillende selle aangehou is. Steeds naak, maar in voetboeie, is hy op 6 September na die polisiehoofkwartier geneem, waar hy deur Gideon Nieuwoudt en vier ander veiligheidspolisiebeamptes ondervra is.


Op daardie dag, of kort daarna, is hy so hard teen 'n muur gestamp dat hy 'n breinbesering opgedoen het wat hom sou laat sterf. (Polisie het by die doodsondersoek gesê dat hy sy kop in 'n bakleiery gestamp het …) Biko het nie onmiddellik gesterf nie, maar dit was vir sy vervolgers duidelik dat iets ernstig verkeerd was. Hulle het nie minder nie as drie staatsdokters ingeroep wat vals diagnoses (assesserings) gemaak het om die ondervraers te beskerm.

Toe Biko se toestand ernstig geraak het en daar aangedring is dat die polisie hom hospitaal toe te neem, is hy naak en bewusteloos agterin 'n polisievangwa gegooi en 1 600 km na Pretoria vervoer. Hy het daar, op 12 September 1977, 'op 'n mat op die klipvloer van 'n tronksel 'n miserabele, brutale en eensame dood gesterf'.

[Uit *Apartheid: An Illustrated History* deur M Morris]

## BRON 1C

Die foto hieronder toon 'n anti-apartheidsaktivis wat op 25 September 1977 in King William's Town, 'n plakkaat van Bantu Stephen Biko by sy begrafnis rondgedra het.




[Uit http://news.bbc.co.uk/2/hi/Afrika/2253092.stm. Toegang op 8 Desember 2016 verkry.]

**BRON 1D**

Die uittreksel hieronder beskryf in breë trekke die omstandighede waaronder Bantu Stephen Biko vermoor is. Dit is deur Helen Zille geskryf terwyl sy 'n verslaggewer by die *Rand Daily Mail* was.

Die Minister (Jimmy Kruger) het te kenne gegee dat Biko homself uitgehonger en gesterf het. Almal het geweet dat die Minister nie die waarheid gepraat het nie. Die Minister self het dit ook geweet, maar sy onvermoë om die omvang van die situasie te begryp en sy duidelike (intense) minagting vir die lewe van 'n swart man is saamgevat in een van die ongevoeligste vierwoord-verklarings wat nog ooit gemaak is: 'Dit laat my koud …'

… Allister Sparks (redakteur van die *Rand Daily Mail*) was vasbeslote dat ons by die waarheid moes uitkom. 'Ons het geweet dat ons by die waarheid moes uitkom – maar hoe? … Die deurbraak was die oggend van 29 September.

… die waarheid is aangeteken in die patoloog se verslag, deur beide dr. Gluckman en die hoofstaatspatoloog, professor JD Loubser, geteken. In swart en wit het daar gestaan: 'Oorsaak van dood: Breinskade'.

… Allister het besluit om my (Helen Zille) Port Elizabeth toe te stuur om enige iemand te kontak wat dalk in Steve Biko se laaste dae met hom kontak gehad het en 'n onderhoud te voer, met die dokters as beginpunt. My vraag aan die dokter was eenvoudig: Kon hulle bevestig dat Steve Biko as gevolg van 'n hongerstaking dood is? Indien nie, waarom het hy gesterf? … Dr. Colin Hersch 'n spesialisdokter, wat ook ingeroep is om te bepaal of Biko besig was om "voor te gee" (dat hy beseer was) … Ek het hom gesê dat ek moes bevestig of die Minister se verklaring dat Biko as gevolg van 'n hongerstaking gesterf het, korrek was.

… Hy wou nie meer sê as om aan my te bevestig dat Biko nie uitgeteer (maer) was toe hy gesterf het nie; eerder effens oorgewig. Die oomblik toe ek dit hoor, was dit feitlik met soveel woorde bevestig dat Steve Biko nie as gevolg van 'n hongerstaking gesterf het nie. Ek het dr. Hersch bedank en is daar weg.'

[Uit *Not Without a Fight: The Autobiography* deur H Zille]

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD VAN POLITIEKE AKTIVISTE, SOOS AHMED TIMOL, HANTEER?**

**BRON 2A**

Die koerantartikel hieronder, 'In Cold Blood: The Killing of Ahmed Timol', is deur Ivor Powell geskryf en fokus op hoe die politieke aktivis, Ahmed Timol, vermoor is.

Ahmed Timol en sy vriend, die 21-jarige Wits Universiteit mediese student, Mohammed Salim Essop, is op Vrydag 22 Oktober 1971 by 'n polisiepadblokkade gestop. Dit was ongeveer 23:00. In die kattebak van hulle geel Anglia is verskeie beswarende (impliserende) bewysstukke ontdek. Dit het kopieë van *Inkululeku*, die 50ste herdenkingstoespraak van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) en lyste met name en adresse ingesluit.

Hulle is na die Newlands Polisiestasie vervoer voordat hulle na John Vorster Plein geneem is. Luitenant-kolonel Petrus van Wyk het ongeveer 03:15 die volgende oggend van Pretoria af gekom en 'n span spesialisondervraers het by hom aangesluit, onder andere Kapteins JZ van Niekerk, Richard Bean en JH Gloy.

Vir Timol het 'n ondervraging begin wat sou voortduur tot Woensdagmiddag toe hy aan sy einde gekom het. In die daaropvolgende nadoodse ondersoek het polisieondervraers daarop aangedring dat hulle nie aan Timol geraak het nie. Die toestand van die aangehoudene se liggaam wat in die struike buite die polisiehoofkwartier gevind is, het egter 'n ander storie vertel. Dit was oortrek met kneusplekke, snywonde, rowe; die linkeroog het in die oogholte ingesink en is onder die lid uitgehaal. Die dood van Ahmed Timol was 'n keerpunt in die stryd teen apartheid.

Generaal-majoor CA Buys, hoof van die Kriminele Ondersoekafdeling (KOA) en die man in beheer van die ondersoek na die dood van Timol, het twee dae na Timol se dood vir Freek Swart van *Rapport* vertel: 'Ahmed het kalm op 'n stoel gesit. Daar was veiligheidspolisiemanne saam met hom. Op 'n stadium het twee van hulle die vertrek verlaat. Timol het skielik opgespring en vir die deur gemik. 'n Veiligheids- polisieman het na die deur gehardloop om hom te keer. Maar die Indiër het toe na die venster gehardloop en uitgespring. Niemand het hom bang gemaak of aan hom geraak nie. Die nadoodse ondersoek sal dit bewys,' het Generaal Buys ten slotte gesê …

Dit het alles 25 jaar gelede gebeur. Baie van die sleutelspelers in die drama het intussen gesterf en die res het lankal reeds die polisiemag verlaat. Daar is weinig vooruitsig dat geregtigheid deur middel van die Waarheids-en-Versoeningskommissie sal seëvier en, kan ons waag om te sê, nog minder deur die howe.

[Uit *Sunday Times Inside Magazine*, 9 Junie 1996]

**BRON 2B**

Die bron hieronder beskryf die redes vir die stigting van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK). Dit fokus op hoe politieke aktiviste, soos Ahmed Timol, vermoor is.

Die WVK was 'n produk van die politieke ooreenkomste voortgebring tydens die onderhandelinge wat apartheid beëindig het. Die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening, 1995 (Wet 34 van 1995) het die WVK ingestel om politiek-gemotiveerde growwe menseregteskendings wat tussen 1960 en 1994 gepleeg is, te ondersoek. Die bedoeling was om te voorkom dat sulke gruweldade weer sou plaasvind en om 'n verdeelde nasie te verenig wat deur konflik in die verlede geskend is. Suid-Afrika se WVK was die eerste waarheidskommissie wat amnestie aan individue gebied het wat ten volle, in die openbaar, hulle betrokkenheid by politiek-gemotiveerde misdade geopenbaar het. Deur dit te doen, het die demokratiese regering die konsep van 'herstellende geregtigheid' in plaas van 'vergeldende geregtigheid' aanvaar.

President Nelson Mandela het 'n uiteenlopende groep van 17 WVK-kommissarisse gekies en Aartsbiskop Desmond Tutu, Nobel-bekroonde en anti-apartheidsikoon, as die voorsitter en Alex Borraine, as die ondervoorsitter, benoem. 'Amnestie kan beslis nie as geregtigheid beskou word indien ons slegs aan geregtigheid as vergeldend en bestraffend van aard dink nie,' het Tutu gesê. 'Ons glo dat daar egter 'n ander soort geregtigheid is, 'n herstellende geregtigheid wat nie soseer oor straf gaan nie, maar eerder oor die regstel van wanbalanse, die herstel van gebroke verhoudings met genesing, harmonie en versoening en ook om uit te vind oor politieke moorde en die verdwyning van aktiviste, soos Ahmed Timol.' In die verband het die 78-jarige Hawa Timol swak en verward voor die WVK gelyk toe sy die afgryslikheid van haar seun se moord in Oktober 1971 weer moes beleef.

[Uit http://overcomingapartheid.msu.edu/unit.php?id=65-24E-3&page=1. Toegang op 5 April 2017 verkry.]

**BRON 2C**

Hierdie bron toon Hawa Timol (moeder van Ahmed Timol) wat getuienis lewer by die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK). Dit is op 30 April 1996 by die Metodistekerk in Johannesburg gehou.



[Uit http://sabctrc.saha.org.za/hearing.php?id=55646&t=timol&tab=hearings. Toegang op 10 April 2017 verkry.]

**Hawa Timol**

**BRON 2D**

Die artikel hieronder beskryf in breë trekke die NVG se voorneme om die moordsaak van Ahmed Timol te heropen. Dit het op 26 Oktober 2016 op *News24* verskyn en die titel was 'AHMED TIMOL-DOODSONDERSOEK HEROPEN 2 DAE VOOR DIE 45STE HERDENKING VAN SY DOOD'.

Die Timol-familietrust is Dinsdag deur die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) in kennis gestel van hulle besluit om die doodsondersoek te heropen. Dit is die gevolg van familie- en politieke druk oor Ahmed Timol se moord. Timol se neef, Imtiaz Ahmed Cajee, het hulde aan Timol se ma, Hawa Timol, gebring wat in 1996 voor die Waarheids-en-Versoeningskommissie verskyn het om vir die heropening van haar seun se saak te pleit.

'My ouma het intussen gesterf, maar sy sal vandag in die hemel glimlag,' het Cajee gesê.

Hy het gesê intensiewe ondersoeke het die familie oortuig dat lede van die SAP-tak vir die dood verantwoordelik was. Inligting oor Timol se moord is na die hoof van die prioriteitsmisdaadvervolgingseenheid van die Nasionale Vervolgingsgesag gestuur. Cajee het gesê die heropening van die doodsondersoek sal inligting verskaf oor wat tydens die laaste dae van sy oom se lewe plaasgevind het.

Ander belangrike vrae wat verband hou met Timol se bewegings in die dae voor sy inhegtenisneming is onbeantwoord. 'Is sy ondergrondse bedrywighede deur 'n informant blootgestel? En, was die polisieblokkade waar hy in hegtenis geneem is 'n rookskerm sodat dit gelyk het asof die inhegtenisneming toevallig was?' het die Timol-familie gevra.

Ter nagedagtenis van die 45ste herdenking van sy dood sal die Ahmed Timol-tentoonstelling in Ginsberg, King William's Town, geopen word.

Die Timol-familietrust het gesê hulle hoop dat die doodsondersoek 'n presedent (voorbeeld) vir ander families sal wees om te volg.

[Uit http://www.news24.com/South Africa/News/ahmed-timol-inquest-reopened-2-days-before-45th-anniversary-of-his-death-20161026. Toegang op 7 April 2017 verkry.]

**VRAAG 3: HOE IS SUID-AFRIKA SE PLUIMVEEBEDRYF DEUR GLOBALISERING BEÏNVLOED?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder fokus op globalisering en die invloed daarvan op ontwikkelende lande. Dit het op 14 April 2014 in 'n artikel met die titel 'The Negative Effects of Globalisation on South Africa' verskyn.

> Globalisering verwys na die integrasieproses van die ekonomiese, politieke, sosiale en kulturele verhoudings tussen mense, maatskappye en regerings van verskillende nasies en lande. Dit is 'n proses wat gemik is op die verbetering van internasionale beweging van goedere, dienste, arbeid en kapitaal. Hierdie proses beïnvloed ook die omgewing, kultuur, politieke stelsels, ekonomiese ontwikkeling en vooruitgang en menslike welstand van samelewings in die wêreld. Globalisering steun internasionalisme en ondersteuning tussen lande, in teenstelling met nasionalisme en proteksionisme, wat negatiewe kenmerke het.
>
> Die globalisering van die ekonomie in die laaste 30 jaar, gelei deur die Wêreldbank, die Internasionale Monetêre Fonds en transnasionale entiteite, het teen 'n baie vinnige pas plaasgevind. Die verarming van Afrika is 'n gevolg van sulke prosesse. Besluite deur internasionale organisasies verseker dat die oormag teen nasies van die Suide is, as gevolg van magswanbalanse; reëls word gemaak om arm nasies te benadeel. Internasionale ooreenkomste het dus ongelyke uitkomste. Dit het regerings van ontwikkelende lande, soos Suid Afrika, onder druk geplaas om sy handelsbeperkings tot die oorgrens vloei van kapitaal en produkte te verwyder, soos die pluimveebedryf.
>
> [Uit http://www.123helpme.com/negative-effects-of-globalization-on-South-afrika-preview.asp?id=168666. Toegang op 15 Mei 2017 verkry.]

**BRON 3B**

Die bron hieronder fokus op die krisis wat die Suid-Afrikaanse pluimveebedryf as gevolg van goedkoop invoere uit lande in die Europese Unie ervaar het. Dit is deur J Cameron in 'n artikel met die titel 'Unfair Game? South African Poultry Industry in Crisis' geskryf.

'n Sentiment van anti-globalisering (verset) het begin om die wêreld na proteksionisme te dryf en Suid-Afrikaanse pluimveeprodusente wil met die stroom meegaan. Hulle reken boere in die Europese Unie (EU) tree nie regverdig op deur pluimveestukke onder kosprys te verkoop nie. Maar EU-produsente ontken dat hulle pluimveeboudjies, -dye en -vlerkies teen afvalprodukpryse in Suid-Afrika aflaai. In plaas daarvan sê hulle dat Suid-Afrikaanse produsente nie op stryk is nie en dat EU-produsente bloot meer effektief is. Hulle beweer, inteendeel, dat Suid-Afrikaanse pluimveeprodusente verbruikers bedrieg deur pluimvee met water of soutwater in te spuit om hulle gewig te laat styg. Duisende werksgeleenthede is op die spel, met party senior mense wat waarsku dat Suid-Afrika binne 'n jaar dalk glad nie 'n pluimveebedryf sal hê nie.


Die Suid-Afrikaanse regering het alreeds tariewe gehef op pluimvee uit sommige lande om plaaslike produsente die oorhand in die geveg om die binnelandse markaandeel te gee. Dit lyk asof hulle weereens aan die produsente se oproep gehoor sal gee. Per slot van rekening, met algemene (wydverspreide) werkloosheid het die regering elke werksgeleentheid nodig wat dit in die hande kan kry en die verkiesing lê voor. Suid-Afrikaanse pluimveeprodusente moet intussen meer tyd bestee aan bepeinsing (oorweging) oor hoe hulle meer mededingend kan wees en minder tyd aan die verantwoordelikheid afskuif. Hulle moet ook druk toepas vir kunsmatige sakevoordeel om langtermyn-volhoubaarheid te verseker …

'Ons is beslis in nood,' het die Suid-Afrikaanse Minister van Handel en Nywerheid ('DTI'), Rob Davies, in 'n onderhoud gesê. 'Ons sal nie 'n bedryf hê om die mededingendheid te verhoog indien invoere voortgaan om die mark te oorstroom nie.'

[Uit http://biznews.com/wef/davos-2017/2017/01/19. Toegang op 15 Mei 2017 verkry.]

**BRON 3C**

Die spotprent deur B Reynolds hieronder beeld die mededinging tussen plaaslike produsente (Suid-Afrikaans) en goedkoop invoere (internasionale pluimvee-produsente) uit. Die Minister van Handel en Nywerheid ('DTI'), Rob Davies, word as die wedstrydskeidsregter uitgebeeld. Die spotprent het op 26 Januarie 2017 in die *Business Day* verskyn.




[Uit http://www.businessdayonline.com. Toegang op 15 Mei 2017 verkry.]

**EK WIL 'N MOOI SKOON, REVERDIGE GEVEG HÊ …**

**PLAASLIKE PRODUSENTE**

**GOEDKOOP INVOERE**

**BRON 3D**

Die artikel hieronder fokus op hoe die Departement van Handel en Nywerheid ('DTI') gepoog het om die Suid-Afrikaanse pluimveebedryf te help.

Dit volg op die Food and Allied Workers' Union (FAWU) se pleidooi aan die regering om regulasies met betrekking tot ingevoerde pluimvee te verskerp.

Die Departement van Handel en Nywerheid ('DTI') het Maandag gesê dat die Suid-Afrikaanse regering saam met plaaslike pluimveeprodusente gewerk het om die uitdagings in die bedryf as gevolg van pluimvee wat uit Europese Unie-lande, soos Brittanje, ingevoer word, aan te pak.

Die 'DTI' het gereageer op die pleidooi van die Food and Allied Workers' Union (FAWU) dat die regering die regulasies met betrekking tot ingevoerde pluimvee moet verskerp in 'n poging om werksgeleenthede in die Suid-Afrikaanse pluimveebedryf te red.

Ten minste drie groot Suid-Afrikaanse pluimveeprodusente het stappe aangekondig om altesaam meer as 3 500 werkers te begin aflê sodat hulle voortgaande ondernemings kan bly, aangesien hulle sukkel as gevolg van swaar mededinging van goedkoop ingevoerde pluimvee.

Die 'DTI' het gesê dat die regering, deur hulle en die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye ('DAFF'), maatreëls ingestel het om plaaslike pluimveeprodusente teen onregverdige mededinging te beskerm.

'Die regering het, met die aansoek deur die bedryf, deur die International Trade and Administration Commission ('ITAC'), 'n aantal maatreëls in die laaste drie jaar ingestel om die uitdagings in die bedryf aan te pak,' het die 'DTI' in 'n verklaring gesê.

'Die maatreëls wissel van 'n styging in tariewe wat 'n aantal pluimveeprodukte dek wat met Suid-Afrika se internasionale verpligtinge ooreenkom, die instel van handelsherstelmaatreëls waar bewyse aandui dat pluimvee in die Suid-Afrikaanse mark gedump word of waar daar 'n skerp styging in invoere is.'

[Bron: *The Citizen*, 15 Mei 2017]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Berman, JK. 2001. *Soweto Black Revolt, White Reaction* (Ravan Press, Johannesburg)

Morris, M. 2012. *Apartheid: An Illustrated History* (Jonathan Ball Publishers, Jeppestown)

http://aese.psu.edu/students/research/ced-urj/news/2014/broken-promises-globalization-and-bp-oil

http://news.bbc.co.uk/2/hi/africa/2253092.stm

http://overcomingapartheid.msu.edu/unit.php?id=65-24E-3&page=1

http://sabctrc.saha.org.za/hearing.php?id=55646&t=timol&tab=hearings

http://www.mcspotlight.org/campaigns/translations/trans_uk.html.

http://www.news24.com/SouthAfrica/News/ahmed-timol-inquest-reopened-2-days-before-45th-anniversary-of-his-death-20161026

*Sunday Times Inside Magazine*, 9 Junie 1996

www.nydailynews.com/opinion/bramhall-cartoons-august-2d3-gallery-

Zille, H. 2016. *Not Without a Fight: The Autobiography* (Goodreads, South Africa)

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS V2**

**2017**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 22 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30% (15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40% (20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30% (15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

____________ . ________________________________ . ______________________________
______________________________________________________ . ____________________
√√√√√
Vlak 2
Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

**2.4 Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie **^**
- Verkeerde stelling _________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√

**2.5. Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| **AANBIEDING** → <br> **INHOUD** ↓ | **VLAK 7** | **VLAK 6** | **VLAK 5** | **VLAK 4** | **VLAK 3** | **VLAK 2** | **VLAK 1*** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | **43–46** | **40–42** | **38–39** | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **30–33** | **28–29** | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| **VLAK 3**<br>Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| **VLAK 2**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20–23** | **18–19** | **14–17** |
| **VLAK 1***<br>Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14–17** | **0–13** |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE SWARTBEWUSSYNSFILOSOFIE IN 1976 DIE INSTELLING VAN AFRIKAANS AS 'N ONDERRIGMEDIUM UITGEDAAG?

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A - V1]*
- Swart studente was gefrustreerd met hulle verslegtende situasie
- NUSAS het by die wette van die apartheidstaat gehou
- swart Suid-Afrikaanse studente het hulle eie verteenwoordiger nodig gehad
- Hulle het steeds verwag dat swart en wit studente in aparte kamers by hulle nasionale kongres moes woon (3 x 1) (3)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A - V1]*
- Swart Suid-Afrikaanse studente het hulle eie verteenwoordigende organisasies nodig gehad
- Swart Suid-Afrikaanse studente moet nie op wittes staatmaak nie
- Swart Suid-Afrikaanse studente kan leer om hulself te laat geld
- Swart Suid-Afrikaanse studente moet afstand doen van 'n minderwaardigheidskompleks
- Swart Suid-Afrikaners moes hulself sielkundig oordoen (enige 1 x 1) (1)

1.1.3 *[Verduideliking van bewyse in Bron 1A - V1]*
- … mense van alle rassegroepe wat onder apartheid basiese regte ontsê is, insluitend Swartes, Kleurlinge en Asiërs'
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.4 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van bewyse in Bron 1A – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR want:**
- Dit gee insig in die redes vir die wegbreek van NUSAS
- Dit gee voorbeelde van hoe Steve Biko die studente aangemoedig het om sake in hul eie hande te neem
- Steve Biko voorsien 'n inklusiewe definisie van 'swart' as 'n riglyn vir studente
- Dit lig die studente se stryd uit/ toe
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- …'daar ernstige mobilisasie in die skole was …
- … SASM-lede het gesê daar kan nie toegelaat word dat hierdie situasie voortduur nie … (enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Ongeveer 400 studente het die vergadering bygewoon (1 x 1) (1)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Mashinini het 'n massabetoging teen Afrikaans voorgestel op die volgende Woensdag
- Mashinini was 'n uiters dinamiese spreker/sy voorstel is begroet met uitroepe van ondersteuning (enige 1 x 1) (1)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B - V2]*
**Die protesaksie was SUKSESVOL want:**
- Leerders het regoor die township vergader
- Baie duisende leerders van regoor die township het by Orlando-Wes bymekaargekom
- Oor die 5000 leerders het in Vilikazistraat bymekaargekom en nog meer het elke minuut gearriveer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Onderwysers het teenstand gebied want hulle was nie vlot in Afrikaans nie (1 x 2) (2)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- SASM het gedurende 1974 en 1976 apolitiese organisasies binne gedring
- SASM het 'n taakgroep gevorm wat later hernoem is na SRRC
- Hulle is ook bewus gemaak en beïnvloed (enige 2 x 1) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C - V2]*
- Die protes het gewelddadig uitgedraai want die polisie het op ongewapende kinders begin skiet
- Onskuldige lewensverlies en die leerders het terugbaklei/ weerwraak geneem
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C - V2]*
- Die leerders (jeug) het die regering met hulle protesaksies uitgedaag terwyl die ouers dit aanvaar het
- Die leerders (jeug) het die idee verander dat die werkers diegene was wat die apartheidsregering moes uitdaag
- Die leerders (jeug) het die middestad beset/ skole gesluit/ alkoholverspreiders gesluit terwyl hulle ouers gefaal het
- Die Soweto-opstand was 'n keerpunt in die Suid-Afrikaanse geskiedenis as gevolg van die leerders se deurslaggewende optrede teen die regering
- Die ouers het probeer om met die skoolraad te onderhandel, maar het nie daarin geslaag nie, terwyl die leerders die fondamente van die apartheidsregering geskud het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*
- Die leerders het hulle protes om die apartheidsregering uit te daag in die strate gehou
- Hulle het geweier om vas te klou aan die ongelykheid en onregverdighede van die Bantoe Onderwysbeleid
- Hulle het plakkate gebruik bv. 'Afrikaans moet afgeskaf word!' om hulle ontevredenheid te toon
- Hulle het onafhanklik van die werkers opgetree maar het hulle ondersteuning gehad
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*

- Die foto het gehelp om leerders in die naburige areas en provinsies te mobiliseer
- Die foto het die res van Suid-Afrikaners ingelig oor hulle stryd
- Die foto het plaaslike en internasionale aandag getrek na die manier waarop die apartheidsregime die leerders hanteer het
- Die foto het die aksies van die apartheidsregering aan die lig gebring
- Weiering om in die taal van die onderdrukker onderrig te word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 1C en 1D - V3]*

- In Bron 1C het die leerders die idee om in die taal van die onderdrukker onderrig te word verwerp terwyl in Bron 1D die plakkaat lees: 'AFRIKAANS MOET AFGESKAF WORD!'
- In Bron 1C het die protes vreedsaam begin in Soweto terwyl in Bron 1D die foto toon dat die leerders vreedsaam in Soweto vergader het
- Bron 1C beskryf hoe die 1976-klas dapper betogings gehou het om die apartheidsregering uit te daag terwyl in Bron 1D die foto toon hoe leerders vreesloos in groot getalle bymekaar kom om teen die implementering van Bantu Onderwys te protesteer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

- Steve Biko het geredeneer dat leerders sake in eie hande moes neem (Bron 1A)
- Steve Biko het leerders aangespoor om hul eie organisasies te begin (Bron 1A)
- Swart Suid-Afrikaanse studente het onafhanklik van wit Suid-Afrikaners opgetree (Bron 1A)
- Verskeie studente organisasies is gestig om studente te mobiliseer om teen die apartheidsregering op te tree (Bron 1B)
- Swart Suid-Afrikaanse studente het bewus geraak van die gevare van Bantu Onderwys (eie kennis)
- Swart Suid-Afrikaanse studente van Soweto het 'n sin van selfgelding gedemonstreer toe hulle die taalbeleid uitgedaag het op 16 Junie 1976 (Bron 1A en 1D)
- Swart Suid-Afrikaanse studente het eenheid en solidariteit gedurende die Soweto-opstand weërspieël (eie kennis)
- Swart Suid-Afrikaanse studente was vreesloos teenoor die apartheidsregering (Bron 1D en eie kennis)
- SASM, 'n Swartbewussyn-geïnspireerde studente organisasie was instrumenteel in die organisering van studente om in die Soweto-opstand deel te neem (Bron 1C en eie kennis)
- Invloedryke studente organisasies is gestig as gevolg van die Swartbewussyns-idees (Bron 1C en eie kennis)
- Die Soweto-opstand moes die denke van swart Suid-Afrikaners bevry omdat hulle geaffekteer is deur Bantu Onderwys (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die Swartbewussynsfilosofie in 1976 die instelling van Afrikaans as onderrigmedium uitgedaag het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die Swartbewussynsfilosofie in 1976 die instelling van Afrikaans as onderrigmedium uitgedaag het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe die Swartbewussynsfilosofie in 1976 die instelling van Afrikaans as onderrigmedium uitgedaag het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: WATTER ROL HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) IN DIE VERSOENING VAN SUID-AFRIKANERS MET HULLE VERDEELDE VERLEDE GESPEEL?**

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A - V1]*
- Om die rehabilitasie en herstel van slagoffers se menslike waardigheid te fasiliteer
- Om die menslike en burgerlike waardigheid van slagoffers te herstel
- Om die nasie te genees van sy verdeelde verlede (openbare aanvaarding)
- Om die stem en waardigheid van diegene wat voorheen uitgesluit was te herstel (3 x 1) (3)

2.1.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- Menseregteskendingskomitee (HRVC) het 'n platform voorsien vir oorlewendes om hulle stories te vertel
- HRVC het 'n stem gegee aan diegene wat voorheen stilgemaak /uitgeskuif is
- HRVC het oortreders toegelaat om vergifnis te kry
- HRVC het publieke erkenning aan die slagoffer en die oortreder gegee
- HRVC het slagoffers toegelaat om via die WVK-verhore afsluiting te kry vir die politieke misdade wat gepleeg is
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Verduideliking van 'n historiese konsep in Bron 2A – V1]*
- Dit is 'n gebaar van versoening indien oortreders van ernstige menseregteskendings bereid was om die waarheid te vertel en berou toon vir hulle dade
- Dit is 'n proses van genesing indien die waarheid vertel is
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A - V1]*
- Die WVK het gestreef daarna om die aangeleentheid van gemarginaliseerde stemme oor die wye spektrum van slagoffers te adresseer en was ook bewus van vooroordeel (1 x 2) (2)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- Die meeste van hulle mans, seuns en vaders was aktiviste wat of doodgemaak is of verdwyn het omdat hulle deelgeneem het in die vryheidstryd
- Vrouens het getuig oor die man in hulle lewe wat verdwyn het as gevolg van hulle politieke betrokkenheid
- Hulle het die stilte verbreek want vrouens was direk beïnvloed daardeur/ slagoffers
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep in Bron 2B – V1]*
- Die verlening van amptelike kwytskelding vir mense wat polities-verwante misdade gepleeg het
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
- Want die WVK het nie die mag gehad om dagvaardings uit te reik nie en baie vooraanstaande politieke figure het geweier om voor die WVK te verskyn bv. PW Botha
- Die WVK was nie 'n kriminele hof nie en was daarom magteloos om politieke leiers te vervolg bv. PW Botha
- Diegene wat die bevele gegee het, het ontsnap
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Huurmoordenaars
- Doodsbendes
- Marteling (3 x 1) (3)

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
(a) 58,5% (1 x 1)

(b) 54,2% (1 x 1) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*
- Verloor vertroue in die WVK-proses
- Het die proses as polities-gemotiveerd beskou
- Het die proses as 'n 'heksejag' beskou
- Die WVK het misluk in sy mandaat om Suid-Afrikaners te versoen
- Die waarheid oor politieke moorde van aktiviste het nie uitgekom nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*
- Meer Swart Suid-Afrikaners was geaffekteer deur die gruweldade wat teen hulle gepleeg is deur die apartheidsregering
- Swart Suid-Afrikaners wou die waarheid hoor oor hulle geliefdes wat verdwyn het
- Want Swart Suid-Afrikaners was geaffekteer, hulle wou afsluiting hê
- Die WVK het aan hulle 'n weg gegee om hulle gevoelens te toon
- Wit Suid-Afrikaners was teen die WVK want hulle het die as 'n 'heksejag' gesien
- Wit Suid-Afrikaners het gevoel dat die WVK geen doel dien nie
- Wit Suid-Afrikaners het nie die traumatiese verlies van geliefdes deur die apartheidsregering ondervind nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*
- Adriaan Vlok en ander apartheidsleiers het voor die amnestiekomitee van die WVK verskyn
- Ander het weggekom van die WVK proses
- Tutu was verbaas/geskok dat baie prominente ministers nie voor die WVK verskyn het nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

2.4.2 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van bewyse in Bron 2D – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR want**:
- Dit beeld die amnestieproses as 'n mislukking uit aangesien die oortreders nie gestraf is vir die misdade wat hulle gepleeg het nie
- Dit toon dat net een kabinetsminister, Minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, voor die amnestiekomitee verskyn het
- Dit het ander ministers wat weggekom het getoon, naamlik PW Botha
- Dit reflekteer 'n mate van Tutu se frustrasie (JY MOES DIEGENE GESIEN HET WAT WEGGEKOM HET….)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 2B en 2D - V3]*
- Bron 2B is 'n weerspieëling van die amnestieproses van die WVK terwyl Bron 2D die amnestieproses van die WVK uitbeeld
- Beide bronne beweer dat senior apartheidsministers (groot visse) weggekom het
- Bron 2B noem dat diegene wat die bevele gegee het ontsnap het en diegene wat die bevele uitgevoer het voor die WVK verskyn het, terwyl Bron 2D toon dat diegene wat die bevele gegee het wegkom (swem) en diegene wat die bevele uitgevoer het verskyn voor die WVK (WVK treiler)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

- Die WVK is gestig om die doelwitte, fasilitering van rehabilitasie en herstel van mens- en burgerwaardigheid van slagoffers van ernstige menseregteskendings te verseker (Bron 2A)
- Die Menseregteskendingskomitee wou die stemme en waardigheid van die voorheen gemarginaliseerde Swart Suid-Afrikaners herstel (Bron 2A)
- Die WVK het daarna gestreef om herstellende geregtigheid eerder as vergeldende geregtigheid te verkry (Bron 2A)
- Die WVK het gepoog om die saak van gemarginaliseerde stemme oor 'n wye spektrum van slagoffers aan te spreek (Bron 2A)
- Die WVK het 'n platform geskep vir slagoffers en oortreders om hulle stories te vertel (eie kennis)
- Gedurende die WVK-verhore het gedeeltelike waarheid uitgekom soos die dood van Nokuthula Simelane (eie kennis)
- In sommige gevalle het die oortreder gepoog om vergifnis te verkry en antwoorde aan families verskaf (eie kennis)
- In 1996 het die meerderheid Suid-Afrikaners ingestem dat die WVK bygedra het tot versoening (Bron 2C)
- Vergoeding was minimaal maar is deur sommige slagoffers ontvang (eie kennis)
- Vergoeding het gehelp dat slagoffers se waardigheid herstel is (eie kennis)
- Die WVK is daarom beskou as suksesvol omdat dit bygedra het tot nasiebou en versoening (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor watter rol die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) in die versoening van Suid-Afrikaners met hulle verdeelde verlede gespeel het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor watter rol die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) in die versoening van Suid-Afrikaners met hulle verdeelde verlede gespeel het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor watter rol die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) in die versoening van Suid-Afrikaners met hulle verdeelde verlede gespeel het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## VRAAG 3: HET SUID-AFRIKA BY SY LIDMAATSKAP VAN BRICS BAATGEVIND?

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Brasilië
- Rusland
- Indië
- China
- Suid-Afrika (enige 4 x 1) (4)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- President Jacob Zuma (1 x 1) (1)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A - V2]*
- Suid-Afrika se ekonomie is te klein in vergelyking met die ander vier BRICS-nasies
- Suid-Afrika het 'n kleiner ekonomie in vergelyking met Mexiko, Suid-Korea en Turkye (hierdie lande moes in aanmerking geneem wees vir die insluiting as lede van BRICS)
- Suid-Afrika se bruto binnelandse produk is een-sestiende van die van China
- Suid-Afrika het 'n klein bevolking in vergelyking met die ander vier BRICS-lande
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Suid-Afrika het die minerale hulpbronne wat die BRICS-lande nodig het
- Suid-Afrika is die wêreld se vierde grootste produseerder van goud en diamante wat die BRICS-lande benodig
- Suid-Afrika besit driekwart van die wêreld se platinum reserwes wat die BRICS lande benodig (enige 1 x 1) (1)

3.1.5 *[Definiëring van 'n historiese konsep in Bron 3A - V1]*
- Dit verwys na die geïndustrialiseerde lande/ tegnologies vooruitstrewende of meer ekonomies-ontwikkelde lande wat in die noordelike hemisfeer/halfrond geleë is
- Lande wat ekonomies hoogs-ontwikkeld is en 'n superieure/beter infrastruktuur het teenoor ander minder geïndustrialiseerde nasies
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*
- Die leiers van die vyf BRICS-lande wat die VYFDE BRICS BERAAD in Suid-Afrika bywoon
- Die VYFDE BRICS BERAAD is in Durban, Suid-Afrika gehou
- Die leiers vertoon 'n hartlike gemoedstemming (glimlag, lag)
- Die leiers toon ’n sin van eenheid (skud hande)
- Die leiers verteenwoordig Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Suid-Afrika (1 x 1) (1)

3.3 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3A en 3B – V3]*
- Bron 3A skets hoe hard President Zuma gewerk het sodat Suid-Afrika 'n lid van BRICS kon word terwyl Bron 3B toon dat Suid-Afrika 'n lid van BRICS geword het
- Bron 3A skets dat President Zuma die DERDE BRIC beraad in China bygewoon het om die leiers te oortuig om Suid-Afrika uit te nooi om 'n lid te word terwyl Bron 3B toon dat Suid-Afrika die VYFDE BRICS beraad aangebied het
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C - V1]*
(a) Kernkrag (1 x 1)
(b) Lokomotiewe (1 x 1) (2)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C - V2]*
- Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Sake (SAIIA) het gewys dat tussen 1995 en 2011 handel tussen Suid-Afrika en BRICS-lande noemenswaardig gegroei het
- Uitvoere uit Suid-Afrika na BRICS-lande het van minder as $5 miljard in 1995 gegroei tot amper $25 miljard teen 2011
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- China (1 x 1) (1)

3.5.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3D - V2]*
- Die een groep het gevra vir verbeterde ekonomiese handelsbetrekkinge met BRICS (om meer markte vir Suid-Afrikaanse produkte te verkry)
- Suid-Afrika moet BRICS gebruik om meer investering/belegging te verseker
- Hulle het gevra vir meer ekonomiese investering/belegging van BRICS-lande om sodoende Westerse beleggers te vervang
- Die ander groep was teen die investering/belegging van BRICS-lande (China en Indië) in Suid-Afrika se natuurlike hulpbronne
- Hulle was bevrees dat BRICS-lande volle beheer oor Suid-Afrika se natuurlike hulpbronne sal neem wat skade kon doen aan die ekonomie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3D - V2]*
- Baie produkte van die BRICS-lande kon met mekaar kompeteer (dieselfde produkte word deur BRICS-lande ondermekaar uitgevoer/ingevoer)
- Baie BRICS-lande het vervaardigde goedere na Afrika uitgevoer wat tradisioneel die Suid-Afrikaanse mark was
- Suid-Afrikaanse produkte moet met diegene van BRICS-lande in Afrika meeding
- Hulle voorsien Afrikalande wat tradisioneel 'n Suid-Afrikaanse mark was met spoorweë
- Die tariefgrens-aangeleentheid
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- China sal in staat wees om die geldeenheidsrisiko wat tipies van baie onstabiele Afrika-geldeenhede is, te verminder
- China sal in staat wees om tariefgrense in Afrika te vermy (2 x 1) (2)

3.5.4 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van inligting in Bron 3D – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR tot 'n groot mate omdat**:
- Gumede is 'n kenner op die gebied van wêreld ekonomiese aangeleenthede en sy mening word gerespekteer
- Suid-Afrikaners is verdeeld oor die ekonomiese impak van handelsbetrekkinge tussen BRICS en Suid-Afrika
- Suid-Afrikaners is bevrees dat handel met BRICS-lande 'n gevaar kan inhou vir die Suid-Afrikaanse binnelandse mark
- Suid-Afrikaners is ongelukkig met die hoë tariewe wat BRICS-lande afdwing op Suid-Afrikaanse uitvoere
- Baie Suid-Afrikaners is bekommerd oor die manier waarop BRICS-goedere die Suid-Afrikaanse mark betree (lae tariewe)
- Suid-Afrikaners vrees die groei van die Chinese ekonomiese betrekkinge met die res van Afrika (Afrika was tradisioneel 'n Suid-Afrikaanse ekonomiese invloedsfeer)
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**Die bron is BRUIKBAAR tot 'n mindere mate omdat:**
- Dit slegs die siening van Gumede is op die negatiewe effek van Suid-Afrika se lidmaatskap aan BRICS
- Meer sieninge oor die impak van Suid-Afrika se handelsbetrekkinge met BRICS is nodig voor 'n ingeligte gevolgtrekking gemaak kan word oor die meriete van Suid-Afrikaanse lidmaatskap met BRICS.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne - V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

**Kandidate kan kies of hulle SAAMSTEM/ NIE SAAMSTEM NIE en elemente van BEIDE bespreek**

**STEM SAAM**
- Suid-Afrika het in 2010 'n lid van BRICS geword
- BRICS kan Suid-Afrika help met infrastruktuur programme soos ontwikkelende vaardighede
- Rusland kan Suid-Afrika voorsien met kernenergie
- China sal Suid-Afrika met spoorweë voorsien
- BRICS-lande kan Suid-Afrika help om goedere na hulle en streke in Asië, Suid-Amerika en Oos-Europa uit te voer
- Die SAIIA studie toon dat Suid-Afrika se handel toegeneem het tussen 2001 en 2011 vanaf $5 miljard tot ongeveer $25 miljard
- Uitvoere uit Suid-Afrika na BRICS-lande groei tot $25 miljard teen 2011
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**STEM NIE SAAM NIE**
- Suid-Afrikaners is verdeeld oor Suid-Afrika se lidmaatskap aan BRICS (Bron 3D)
- Suid-Afrikaners voel dat Suid-Afrika se handelsbetrekkinge met BRICS-lande die Suid-Afrikaanse ekonomie negatief sal affekteer (Bron 3D)
- Suid-Afrikaners voel dat handelskakels met BRICS-lande tot gevolg sal hê dat Suid-Afrika se minerale en infrastruktuur in die hande van BRICS-lande sal val (Bron 3D)
- Suid-Afrikaners voel dat die binnelandse mark afgeneem het as gevolg van Suid-Afrika se handelskakels met BRICS-lande (Bron 3D)
- BRICS-lande dryf handel met Afrikalande wat tradisioneel 'n Suid-Afrikaanse mark was (Bron 3D)
- Die vervaardigingsektore is besig om stadig te versleg as gevolg van BRICS-lande wat hulle produkte uitvoer na Afrika en Suid-Afrika (Bron 3D)
- Die Suid-Afrikaanse binnelandse mark is in 'n krisis as gevolg van die onregverdige tariefsisteem tussen Suid-Afrika en BRICS-lande (BRICS-lande dwing hoër tariewe af op Suid-Afrikaanse ingevoerde goedere) (Bron 3D)
- Suid-Afrikaners is ook bevrees dat die Chinese jen die Suid-Afrikaanse rand gaan vervang as die hoof handelsgeldeenheid (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken**:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip of Suid-Afrika baatgevind het deur sy lidmaatskap in BRICS nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip of Suid-Afrika baatgevind het deur sy lidmaatskap in BRICS.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip of Suid-Afrika baatgevind het deur sy lidmaatskap in BRICS.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem met hierdie stelling nie. Hulle moet 'n standpunt inneem en aandui hoe die verskeie interne weerstandsbewegings in die 1980's in Suid-Afrika suksesvol was in die uitdaging van PW Botha se apartheidsregime. Hulle moet die rol toelig wat verskeie weerstandsbewegings soos die UDF, ECC ens. gespeel het in die uitdaging van die apartheidsregime terwyl hulle hulle argument ontwikkel.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en fokus op hoe PW Botha se hervormings uitgedaag is deur verskillende interne weerstandsbewegings omdat dit nie die versoeke van die meerderheid Suid-Afrikaners aangespreek het nie.

UITBREIDING

- PW Botha stel in 1983 sy beleid van Totale Strategie/Totale Aanslag bekend
- PW Botha stel hervormingsmaatreëls in (1983 Grondwet, Driekamerparlement 1984)
- Die einde van Verpligte militêre diens (End Conscription Campaign) 1983 en sy impak op die apartheidsregime
- Die stigting en die rol van die UDF ('Don't vote' campaign, (Moenie stem nie veldtog) 'Million Signature' campaign (Miljoen handtekening veldtog) in 1984)
- Massa protes in Swart Suid-Afrikaanse townships in 1984 en 1985 (bv. Wegbly-aksies georganiseer deur die Vaal Burgerlike assosiasie, Verbruikersboikot georganiseer deur Pebco in die Oos-Kaap)
- Protesoptogte wat plaasgevind het in Langa township in die Oos-Kaap
- Skoolboikotte hoofsaaklik gelei deur COSAS in 1983 en 1985 (Atteridgeville, Tembisa, Alexandra, Soweto, Wes-Kaap en Natal) (NECC)
- Gemeenskappe onderneem huurboikotte bv. Vaaldriehoek en Soweto in 1984 (burgerlikes)
- Stigting en impak van COSATU in werker stryd/ COSATU onderneem wegbly aksies, boikotte, proteste en stakings
- Wegblyaksie op Mei Dag 1986 bv. NUM staking
- Verklaring van Noodtoestand in 1985 en 1986 deur PW Botha
- Opkoms van die Mass Democratic Movement in 1989 (Versetkampanje optogte teen segregasionistiese wette in hoofstede bv. Kaapstad, Durban en Johannesburg)
- Die rol van die Black Sash bv. in burgerprotes en bystand aan apartheidslagoffers
- Die rol van godsdiensorganisasies

- Teen die einde van die 1980's het baie Suid-Afrikaners hulle lewens verloor in die vryheidstryd (bv. Dood in detensie, 'swart op swart' geweld en vigilantes, grensoorlog)
- PW Botha se regering het geleidelik besef dat verandering nodig was
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot **[50]**

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik tot watter mate hulle met die stelling saamstem. Indien hulle saamstem met die stelling moet hulle verduidelik hoe politieke geweld Suid-Afrika in die vroeë 1990's geteister het en amper die onderhandelingsproses ontspoor het onder verskeie politieke organisasies. Indien hulle nie saamstem nie moet hulle hul standpunt ondersteun met relevante historiese bewyse.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui hoe politieke geweld wat in die vroeë 1990's Suid-Afrika geteister het amper die onderhandelingsproses ontspoor het.

UITBREIDING

- De Klerk kom aan bewind in 1989 – kort agtergrond
- De Klerk se toespraak in die parlement – 2 Februarie 1990
- Die ontbanning van politieke- en burgerorganisasies soos die ANC en SAKP
- Die verwydering van beperkings op COSATU en AZAPO
- De Klerk se besluit om Mandela vry te laat uit die gevangenis op 11 Februarie 1990 wat die weg gebaan het vir onderhandelings
- Groote Schuur Minuut – 2 Mei 1990 (ANC en NP het ontmoet, ANC afvaardiging gelei deur Nelson Mandela, NP afvaardiging gelei deur FW De Klerk).
- Apartheidswetgewing herroep die Wet op Aparte Geriewe
- Pretoria Minuut – 6 Augustus 1990 (ANC kom ooreen om die gewapende stryd neer te lê)
- KODESA 1 (19 politieke partye uitsluitend AZAPO,KP en PAC/300 afgevaardigdes)
- Geweld breek uit in sommige dele van die land soos aan die Rand en Natal
- Slegs Blankes referendum (Maart 1992) en die impak daarvan
- KODESA 2 (2 Mei 1992) stort ineen. Partye slaag nie daarin om saam te stem oor die nuwe grondwetliggaam en die tussentydse regering nie
- NP wou 'n minderheid veto hê, terwyl die ANC 'n tussentydse regering wou hê vir nie langer as 18 maande nie en eenvoudig 'n meerderheidsregering wou hê
- Boipatong slagting en sy gevolge (17 Junie 1992)
- Bhisho slagting het die onderhandelingsproses ontspoor (7 September 1992)
- Record of Understanding (Rekord van Verstandhouding) is op 26 September 1992 tussen Roelf Meyer (NP) en Cyril Ramaphosa (ANC) onderteken
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) en sy impak op Suid-Afrika
- Veelparty Onderhandelingsforum was gestig
- Regsgesinde (AWB) aanval op die Wêreldhandelsentrum en sy gevolge
- Sunset Clause ingestel deur Joe Slovo het die dooiepunt in onderhandelings verbreek
- Verkiesingsdatum – 27 April 1994 aangekondig
- ANC wen verkiesing en Mandela word die eerste swart Suid-Afrikaanse President
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot. **[50]**

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui hoe die val van die Sowjetunie verantwoordelik was vir politieke veranderinge wat na 1989 in Suid-Afrika voorgekom het. Hulle moet 'n argument volg en dit ondersteun met relevante historiese bewyse.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui hoe die val van die Sowjetunie in 1989 bygedra het tot politieke transformasie wat in Suid-Afrika voorgekom het en hulle argument ondersteun.

UITBREIDING

- Die impak van die disintegrasie (Glasnost en Perestroika) van die Sowjetunie teen die einde van 1989
- Die val van die Berlynse Muur
- Veranderinge in die wêreld het bygedra tot die beëindiging van apartheid
- Die val van die USSR het die ANC van sy hoof ondersteuningsbron ontneem
- Die ANC kon nie meer staatmaak op die USSR om hulle ekonomies of met wapens te ondersteun nie
- Gorbachev was ten gunste van 'n vreedsame oorgang van mag in Suid-Afrika
- Die Nasionale Party se bewering dat hulle Suid-Afrika teen 'n kommunistiese aanval beskerm, het onrealisties begin lyk
- Die Nasionale Party se bewering dat hulle Suid-Afrika teen 'n kommunistiese oorname beskerm het, was naïef
- Westerse wêreldmoondhede het die idee ondersteun dat Suid-Afrika sy probleme vreedsaam en demokraties oplos
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party regering nie blanke heerskappy onbepaald kon handhaaf nie
- Invloedryke Nasionale Party lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord vir vereistes van blanke kapitalistiese ontwikkeling was nie
- Daar was geen twyfel dat die volgehoue onderdrukking van swart Suid-Afrikaners nie politieke stabiliteit sou verseker nie
- PW Botha kry 'n beroerte en word opgevolg deur FW de Klerk
- FW de Klerk het begin aanvaar dat swart Suid-Afrikaners se stryd teen apartheid nie 'n sameswering was onder leiding van Moskou nie
- Vrylating van politieke gevangenes en ontmoeting met Mandela
- Dit het De Klerk in staat gestel om onderhandelinge met bevrydingsorganisasies te begin
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk 'n 'nuwe en regverdige grondwetlike bedeling' aangekondig
- Dit het die einde van apartheid aangedui
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou